

Inleiding tot woordsoorte

Gebaseer op die storie *Daantjie die ontevrede donkie*

Werkwoorde

Werkwoorde is **doenwoorde** of woorde wat 'n aksie aandui, byvoorbeeld, hardloop, sê, spring. Elke sin het 'n werkwoord.

1. Skryf die twee werkwoorde in die volgende sin neer: 'Ek haat my lang ore,' kla Daantjie Langoor daardie oggend vir die honderdste keer.'

2. Skryf drie werkwoorde uit paragraaf twee neer.
3. Gee vyf van jou eie voorbeelde van werkwoorde.

Naamwoorde

Selfstandige naamwoorde is byvoorbeeld 'dinge' waaraan ons kan raak, soos ore, donkie, ma.

4. Skryf vyf selfstandige naamwoorde neer uit paragraaf drie.

Eiename is ook selfstandige naamwoorde. Eiename is die spesifieke name van mense, diere of plekke, byvoorbeeld Stefanie, Jafie, Kaapstad. Eiename word met hoofletters geskryf.

5. Skryf drie eiename neer uit paragraaf nege.
6. Gee drie van jou eie voorbeelde van eiename wat plekke is.

Byvoeglike naamwoorde

Byvoeglike naamwoorde beskryf vir ons die selfstandige naamwoord, byvoorbeeld, **lang** ore. *Ore* is die selfstandige naamwoord en *lang* is die byvoeglike naamwoord wat vir ons meer vertel oor die ore.

Kyk goed na die woorde (hieronder) wat uit die storie kom. Onderstreep die byvoeglike naamwoorde wat die selfstandige naamwoorde beskryf.

- | | |
|------------------------|----------------|
| 7. droë smaaklose hooi | 10. harde slag |
| 8. sappige wortels | 11. slap ore |
| 9. groot hindernisse | 12. kort bene |